No 21 - 2023] FIFTH SESSION, SIXTH PARLIAMENT

# MINUTES OF PROCEEDINGS

OF THE

# PARLIAMENT OF THE PROVINCE OF THE WESTERN CAPE

==========================

THURSDAY, 24 AUGUST 2023

1. The House met at 14:15.

2. The Speaker took the Chair and read the prayer.

3. [14:17] The Speaker made a general announcement regarding the sitting of the Western Cape Provincial Parliament in accordance with Rule 1A of the Standing Rules pertaining to Members in remote attendance by electronic means.

4. [14:19] The Speaker welcomed all the guests in the gallery, especially the members of the Methodist Church of Mandalay.

5. [14:20] Interpellations.

6. [14:55] Questions.

7. [15:57] Questions to the Premier without notice.

8. [16:17] Statements by Members.

9. [16:41] Response to statements by Members by Mr R I Allen, Minister of Police Oversight and Community Safety and Mr A R Winde, Premier.

10. [16:44] Motions with Notice *(in accordance with Standing Rule 151).*

    The Speaker made an announcement in accordance with the Standing Rule 151, all Notices of Motion by Members are required to be delivered to the Secretary for placing on the Order Paper. These motions, duly submitted, will be published on the Order Paper.

11. [16:45] Motions without Notice *(in accordance with Standing Rule 150).*

12. Mr A P van der Westhuizen moved without notice: That the House notes of the challenges and risks to which farm workers are exposed when they are transported in inappropriate vehicles; further notes that the risks of inappropriate transport were once again illustrated by the incident a week ago where a 24-year-old farm worker from Citrusdal tragically died when he fell from a wagon being pulled by a tractor; and calls on employers and especially the drivers of vehicles that transport people to be aware of the risks and to take the necessary steps to improve workers' safety.

    Agreed to.

13. Mr G Bosman moved without notice: That the House sends its sincere condolences to the friends and family of Loedfie Hendricks; notes that Mr Hendricks was a Collegians Rugby Football Club stalwart and decades-long government communications officer; notes that he unfortunately passed away on 12 August at the age of 64 after a long period of ill health; and further notes that he will not only be missed by the entire Lentegeur community, but by many throughout the City of Cape Town.

Agreed to.

14. Mr G Bosman moved without notice: That the House congratulates both the Western Cape Government and the City of Cape Town after the inaugural Cape Town E-prix race was named race of the year; notes that the public vote was very convincing, and the Western Cape alongside the City of Cape Town have proven themselves to be a world-class location for many more international events to come; further notes this successful event played a massive role in nation building and economic growth; and looks forward to the potential future events.

Agreed to.

15. Ms L M Maseko moved without notice: That the House congratulates and thanks the Grassroots ECD Training Centre for their work in changing women's and children's lives in the Western Cape; notes that the Grassroots Educare Trust is a partner non-profit organisation of the Department of Infrastructure's Expanded Public Works Programme; notes that, as the oldest early childhood development facility in South Africa, the Grassroots Educare Trust manages and supports 200 unemployed youth and 160 parents through the EPWP; further notes that the Grassroots facility supports approximately 2 200 partial care facilities, with the majority of these being in rural areas; and notes that it is heartwarming to see the impact of these EPWP partnerships and the impact they have on our citizens.

Agreed to.

16. Mr M Kama moved without notice: That the House notes and congratulates Nande Mabala, from Zwelethemba, Worcester, who was crowned second princess in the Miss South Africa competition on Sunday; notes that Mabala spent part of her childhood growing up in Zwelethemba, about 6 km outside Worcester; notes that Mabala received her crown after entering the competition for the second time as she did not make the selection in 2020; and notes that this is quite an accomplishment and that she has brought honour and pride not only to herself but to the entire community of the town.

Agreed to.

17. Mr M K Sayed moved without notice: That the House notes and congratulates the Knysna Municipality and its leadership under Mayor Aubrey Tsengwa after the town was voted the best "dorpie" in the province; notes that the town was nominated when the competition began in mid-July and received the most public votes in its category; notes that, aside from being named the Best Dorpie in Kfm's Best of the Cape Awards, Knysna was listed as the 19th Most Loved Destination Around the World on the 2021 Tourism Sentiment Index, as it is known for its stunning natural beauty, indigenous forests and scenic coastline; and notes that it is a popular tourist destination, especially for its lagoon, beaches and outdoor activities.

Agreed to.

18. Ms A P Bans moved without notice: That the House notes with deep sadness the passing away of Yoleka Xokashe (23) from Lower Crossroads, Cape Town; notes that it is alleged that Yoleka was brutally killed by her boyfriend; notes that she was found with multiple wounds at his home; and sends heartfelt condolences to her family and friends.

Agreed to.

19. Ms A P Bans moved without notice: That the House notes with sadness the passing away of Leezandre Taaibosch (31) from Wesbank, Kuils River; notes that she was brutally killed on 1 August 2023 by her ex-boyfriend because she decided to end the toxic relationship; and sends heartfelt condolences to her family and friends.

Agreed to.

20. Ms A P Bans moved without notice: That the House notes the passing away of Aboobakr du Preez (24); notes that Aboobakr left home on Sunday night shortly after 19:00 to attend Isha prayers when he came under attack; notes that he was walking along Ryston Road to Masijdur Rahmaan where he went every day for prayers; and extends its condolences and sends a message of strength to his family and friends.

Agreed to.

21. Mr M K Sayed moved without notice: That the House notes the passing away of Johaar Mosaval, a trailblazing talent born in District Six, whose legacy transcends the boundaries of the arts; notes that, as we remember his life, we commend his groundbreaking accomplishment as the first black South African Senior Principal Dancer at the esteemed Royal Ballet in London; notes that this pinnacle of achievement not only showcased his exceptional skill, but shattered barriers in one of the world’s most prestigious ballet companies; notes that Mosaval’s ascent to the highest rank in his profession stands as an enduring testament to the power of talent, determination and the capacity for change; and, in his memory, let us recommit ourselves to fostering inclusivity and embracing the richness that diversity brings to the arts and our global community.

Agreed to.

22. Mr F C Christians moved without notice: That the House conveys its condolences with the family and friends of the late Talia Morris (17) of Hanover Park; sympathises with her loved ones at her senseless killing; notes that the *Son* newspaper (Clyde Adams-Vister, 10 August 2023) reported that she was caught in the crossfire between rival gangs on Friday 4 August 2023; notes that she tragically passed away on Saturday 5 August 2023; notes that Talia was a learner at the Mount View High School; notes that she was another victim of the needless violence that has become commonplace on the Cape Flats; notes that the community is shocked and saddened by her death; and notes that this is a community that lives in daily fear of their lives. Our prayers are with the family as we share in their grief during the time of their bereavement.

Agreed to.

23. Ms A Cassiem moved without notice: That the House takes note that on Tuesday 22 August 2022 Khayelitsha residents marched to the branch of the Department of Home Affairs in Khayelitsha in order to voice their frustrations and concerns stemming from poor service delivery; notes that the concerns raised by the community involve the manner in which they are mistreated by staff at that branch who also appear incompetent; further notes the majority of the incidents at the branch involves a lack of respect for the members of society, the erroneous capturing of their details on their IDs resulting in invalid IDs being issued and they remain useless as the recipients cannot use them to

open bank accounts, apply for work opportunities or even study opportunities; and calls on the national Minister of Home Affairs to intervene in the matter and to make sure that the community receives better services.

Agreed to.

24. Ms A Cassiem moved without notice: That the House notes that the South African Women's Cricket Team took a great step yesterday with the launch of the Professional Domestic Women's League, which was launch at Freedom Park in Tshwane; notes that the league will feature two main tournaments, including the Cricket South Africa One-day Cup and the Cricket South Africa Women's T20 Challenge; further notes that this is a great feat taking place during Women's Month and we can only hope that this is the beginning of good things to come, especially with the inclusion and participation of women in sport; and calls for the establishment of a professional women's football league in the country following the great feat achieved by the South African women football team, Banyana Banyana, at the Women's World Cup recently held in Australia and New Zealand.

Agreed to.

25. Ms L M Maseko moved without notice: That the House notes the handing over of keys to beneficiaries at the Our Pride Housing Project in Eerste Rivier; notes that the Our Pride Housing Project is part of the First Home Finance Programme that has delivered 218 housing units; notes that two housing units will be for Breaking New Ground, the remainder being FLISP; notes that the R102 million project was geared towards making affordable housing more accessible to all citizens; and further notes that the Western Cape remains the leading province in the delivery of affordable housing programmes.

Agreed to.

26. Mr F C Christians moved without notice: That the House notes with concern that bullying is starting at an early age at our schools; notes an article by Ntuthuzelo Nene on 11 May 2023 in EWN about an 8-year-old Grade 3 learner who was cut by a Grade 3 learner, both being learners of the Stephan Road Primary School in Lotus River and in the same class; notes that this was a potentially fatal attack on the learner, who by the grace of God survived the attack; notes that this attack shows that bullying is rearing its ugly head among our learners at a young age; and advises that the WCED continues to be diligent and to offer proactive programmes that will stop this kind of delinquent behaviour.

Agreed to.

27. Mr M K Sayed moved without notice: That the House welcomes the decisive action taken by the national Department of Basic Education in enforcing anti-bullying laws in our nation's schools; notes that this vital step demonstrates our commitment to creating safe and nurturing environments where our learners can learn and thrive; notes that, by implementing these measures, we not only protect our children from the harmful effects of bullying, but also foster a culture of respect, empathy and inclusivity; joins in unity to support this initiative, ensuring that every child's right to a safe and conducive educational experience is upheld; and reaffirms together our dedication to the well-being and future of our nation's youth.

Agreed to.

28. Mr P Marran moved without notice: That the House calls for a thorough inquiry into the allocation of R161 million by the provincial Department of Infrastructure for human settlements in the Western Cape; notes that this substantial expenditure, ostensibly aimed at countering the extortion tactics of the construction mafia and combating the illegal occupation of vacant land and homes under construction, warrants careful scrutiny; notes that, in the interests of transparency and effective resource utilisation, we must assess the strategies employed, evaluate their impact and ensure that public funds are optimally utilised to safeguard our communities and to promote lawful development; and upholds our duty to the public by seeking accountability and constructive solutions to these pressing concerns.

Agreed to.

29. The House adjourned at 17:08.

Digitally signed by Romeo Adams
Date: 2023.09.11 10:41:04 +02'00'

ROMEO ADAMS
Secretary to Provincial Parliament

No 21 - 2023] VYFDE SESSIE, SESDE PARLEMENT

# NOTULE VAN VERRIGTINGE

VAN DIE

# PARLEMENT VAN DIE PROVINSIE WES-KAAP

========================

DONDERDAG, 24 AUGUSTUS 2023

1. Die Huis kom om 14:15 byeen.

2. Die Speaker neem die Stoel in en lees die gebed voor.

3. [14:18] Die Speaker doen ’n algemene aankondiging met betrekking tot die sitting van die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement in ooreenstemming met Reël 1A van die Staande Reëls van toepassing op Lede wat op afstand teenwoordig is met behulp van elektroniese middele.

4. [14:19] Die Speaker verwelkom al die gaste op die galery, veral die lidmate van die Metodistekerk van Mandalay.

5. [14:20] Interpellasies.

6. [14:55] Vrae.

7. [15:57] Vrae aan die Premier sonder kennisgewing.

8. [16:17] Verklarings deur Lede.

9. [16:41] Reaksie op verklarings deur Lede deur mnr R I Allen, Minister van Polisietoesig en Gemeenskapsveiligheid en mnr A R Winde, Premier.

10. [17:44] Voorstelle met kennisgewing *(ooreenkomstig Staande Reël 151).*

    Die Speaker doen ’n aankondiging ooreenkomstig die Staande Reël 151 dat daar vereis word dat alle voorstelle met kennisgewing deur Lede by die Sekretaris ingedien moet word om op die Ordelys geplaas te word. Hierdie voorstelle, behoorlik ingedien, sal op die Ordelys gepubliseer word.

11. [17:45] Voorstelle sonder kennisgewing *(ooreenkomstig Staande Reël 150).*

12. Mnr A P van der Westhuizen stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem van die uitdagings en risiko’s waaraan plaaswerkers blootgestel word wanneer hulle in onvanpaste voertuie vervoer word; verder kennis neem dat die risiko’s van onvanpaste vervoer andermaal geïllustreer is deur die voorval ’n week gelede waar ’n 24-jarige plaaswerker van Citrusdal tragies gesterf het toe hy afgeval het van ’n wa wat deur ’n trekker gesleep is; en ’n beroep doen op werkgewers en veral op die bestuurders van voertuie wat mense vervoer, om bedag te wees op die risiko’s en die nodige stappe te doen om werkers se veiligheid te verbeter.

    Goedgekeur.

13. Mnr G Bosman stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis innige meegevoel betuig met die vriende en familie van Loedfie Hendricks; kennis neem dat mnr Hendricks ŉ staatmaker van Collegians-rugbyvoetbalklub was en vir dekades lank ŉ regeringskommunikasiebeampte was; kennis neem dat hy ongelukkig op 12 Augustus in die ouderdom van 64 ná ŉ lang tydperk van swak gesondheid gesterf het; en verder kennis neem dat hy nie net deur die hele Lentegeur-gemeenskap gemis sal word nie, maar deur baie in die Stad Kaapstad.

Goedgekeur.

14. Mnr G Bosman stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis beide die Wes-Kaapse Regering en die Stad Kaapstad gelukwens nadat die eerste Kaapstadse E-prix-wedren as wedren van die jaar aangewys is; kennis neem dat die publieke stemming baie oortuigend was, en dat die Wes-Kaap saam met die Stad Kaapstad hulself as ŉ wêreldklasplek vir nog baie meer internasionale geleenthede bewys het; verder kennis neem dat hierdie suksesvolle geleentheid ŉ groot rol in nasiebou en ekonomiese groei gespeel het; en uitsien na moontlike toekomstige gebeurtenisse.

Goedgekeur.

15. Me L M Maseko stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis die Grassroots-VKO-opleidingsentrum gelukwens en bedank vir hul werk om vroue en kinders se lewens in die Wes-Kaap te verander; kennis neem dat die Grassroots Educare Trust, ŉ organisasie sonder winsoogmerk, ŉ vennoot van die Departement van Infrastruktuur se Uitgebreide Openbarewerkeprogram is; kennis neem dat, as die oudste vroeëkinderontwikkelingsfasiliteit in Suid-Afrika, die Grassroots Educare Trust 200 werklose jeugdiges en 160 ouers deur die UOWP bestuur en ondersteun; verder kennis neem dat die Grassroots-fasiliteit ongeveer 2 200 gedeeltelikesorgfasiliteite ondersteun, waarvan die meerderheid in landelike gebiede is; en kennis neem dat dit hartverblydend is om die impak van hierdie UOWP-vennootskappe te sien en die impak wat dit op ons burgers het.

Goedgekeur.

16. Mnr M Kama stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem van en Nande Mabala, van Zwelethemba, Worcester, wat Sondag as tweede prinses in die Me Suid-Afrika-kompetisie gekroon is, gelukwens; kennis neem dat Mabala ŉ deel van haar kinderjare in Zwelethemba, sowat 6 km buite Worcester, deurgebring het; kennis neem dat Mabala haar kroon ontvang het nadat sy vir die tweede keer vir die kompetisie ingeskryf het, aangesien sy nie in 2020 gekeur is nie; en kennis neem dat dit nogal ŉ prestasie is en dat sy nie net eer en trots vir haarself ingepalm het nie, maar ook vir die hele gemeenskap van die dorp.

Goedgekeur.

17. Mnr M K Sayed stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem van en die Knysna-munisipaliteit en sy leierskap onder Burgemeester Aubrey Tsengwa gelukwens nadat die dorp as die beste "dorpie" in die provinsie aangewys is; kennis neem dat die dorp benoem is toe die kompetisie wat in die middel van Julie begin het en die meeste openbare stemme in sy kategorie ontvang het; kennis neem dat Knysna, behalwe dat dit as die Beste Dorpie in Kfm se Beste van die Kaap-toekennings aangewys is, ook as die 19e Mees Geliefde Bestemming in die Wêreld op die "Tourism Sentiment Index" van 2021gelys is, aangesien dit bekend is vir sy pragtige natuurskoon, inheemse woude en skilderagtige kuslyn; en kennis neem dat dit ŉ gewilde toeristebestemming is, veral vir sy strandmeer, strande en buitelugaktiwiteite.

Goedgekeur.

18. Me A P Bans stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met diepe hartseer kennis neem van die dood van Yoleka Xokashe (23) van Laer Kruispad, Kaapstad; kennis neem dat daar beweer word dat Yoleka wreed deur haar kêrel vermoor is; kennis neem dat sy met veelvuldige wonde by sy huis gevind is; en innige meegevoel betuig met haar familie en vriende.

Goedgekeur.

19. Me A P Bans stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met hartseer kennis neem van die dood van Leezandre Taaibosch (31) van Wesbank, Kuilsrivier; kennis neem dat sy op 1 Augustus 2023 wreed deur haar eks-kêrel vermoor is omdat sy besluit het om die toksiese verhouding te beëindig; en innige meegevoel betuig met haar familie en vriende.

Goedgekeur.

20. Me A P Bans stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem van die dood van Aboobakr du Preez (24); kennis neem dat Aboobakr die huis Sondagaand kort ná 19:00 verlaat het om Isha-gebede by te woon toe hy aangeval is; kennis neem dat hy in Rystonweg gestap het na Masijdur Rahmaan waar hy elke dag vir gebede gegaan het; en meegevoel betuig met en ŉ boodskap van sterkte aan sy familie en vriende stuur.

Goedgekeur.

21. Mnr M K Sayed stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem van die dood van Johaar Mosaval, ŉ man met ŉ baanbrekertalent wat in Distrik Ses gebore is, wie se nalatenskap die grense van die kunste oorskry; kennis neem dat, terwyl ons sy lewe onthou, ons sy baanbrekende prestasie as die eerste swart Suid-Afrikaanse Senior Hoofdanser by die gerekende Koninklike Ballet in Londen aanprys; kennis neem dat hierdie toppunt van prestasie nie net sy uitsonderlike vaardigheid ten toon gestel het nie, maar hindernisse in een van die wêreld se mees gesogte balletgeselskappe afbreek het; kennis neem dat Mosaval se vordering tot op die hoogste rang in sy beroep ŉ blywende bewys is van die krag van talent, vasberadenheid en die vermoë om te verander; en laat ons in sy nagedagtenis ons weer daartoe verbind om inklusiwiteit te bevorder en die rykdom te vier wat diversiteit na die kunste en ons globale gemeenskap bring.

Goedgekeur.

22. Mnr F C Christians stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis meegevoel betuig met die familie en vriende van wyle Talia Morris (17) van Hanover Park; met haar geliefdes simpatiseer oor haar sinnelose moord; kennis neem dat die koerant *Son* (Clyde Adams-Vister, 10 Augustus 2023) berig het dat sy op Vrydag 4 Augustus 2023 in die kruisvuur tussen strydende bendes beland het; kennis neem dat sy op Saterdag 5 Augustus 2023 tragies oorlede is; kennis neem dat Talia ŉ leerder aan die Mount View High School was; kennis neem dat sy nóg ŉ slagoffer van die onnodige geweld geword het wat algemeen op die Kaapse Vlakte is; kennis neem dat die gemeenskap geskok is en hartseer is oor haar dood; en kennis neem dat dit ŉ gemeenskap is wat daagliks in vrees vir hul lewens leef. Die familie is in ons gebede en ons deel in hul hartseer in hierdie tyd van rou.

Goedgekeur.

23. Me A Cassiem stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem dat inwoners van Khayelitsha op Dinsdag 22 Augustus 2022 na die tak van die Departement van Binnelandse Sake in Khayelitsha opgeruk het om hul frustrasies en bekommernisse uit te spreek wat uit swak dienslewering spruit; kennis neem dat die bekommernisse wat deur die gemeenskap geopper word, handel oor die manier waarop hulle deur personeel by daardie tak, wat ook onbevoeg voorkom, mishandel word; verder kennis neem dat die

meerderheid van die voorvalle by die tak handel oor ŉ gebrek aan respek vir die lede van die samelewing, die foutiewe vaslegging van hul besonderhede op hul ID's wat daartoe lei dat ongeldige ID's uitgereik word en dit bly nutteloos aangesien die ontvangers dit nie kan gebruik om bankrekeninge te open nie; nie kan aansoek doen om werkgeleenthede of selfs studiegeleenthede nie; en ŉ beroep op die nasionale Minister van Binnelandse Sake doen om by die saak in te gryp en seker te maak dat die gemeenskap beter dienste ontvang.

Goedgekeur.

24. Me A Cassiem stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem dat die Suid-Afrikaanse Vrouekrieketspan gister ŉ groot stap gedoen het met die bekendstelling van die Professionele Binnelandse Vroueliga, wat by Freedom Park in Tshwane bekend gestel is; kennis neem dat die liga uit twee hooftoernooie sal bestaan, insluitend Krieket Suid-Afrika se Eendagbeker die Krieket Suid-Afrika se Vroue-T20-uitdaging; verder kennis neem dat dit ŉ groot prestasie is wat tydens Vrouemaand plaasvind en ons kan net hoop dat dit die begin is van goeie dinge wat voorlê, veral met die insluiting en deelname van vroue aan sport; en ŉ beroep doen op die stigting van ŉ professionele vrouesokkerliga in die land ná die groot prestasie wat die Suid-Afrikaanse vrouesokkerspan, Banyana Banyana, behaal het by die Vrouewêreldbeker wat onlangs in Australië en Nieu-Seeland plaasgevind is.

Goedgekeur.

25. Me L M Maseko stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem van die oorhandiging van sleutels aan begunstigdes van die Our Pride-behuisingsprojek in Eersterivier; kennis neem dat die Our Pride-behuisingsprojek deel is van die First Home Finance-program wat 218 behuisingseenhede verskaf het; kennis neem dat twee behuisingseenhede van Breaking New Ground sal wees, en dat die res FLISP sal wees; kennis neem dat die projek van R102 miljoen daarop gemik was om bekostigbare behuising meer toeganklik vir alle burgers te maak; en verder kennis neem dat die Wes-Kaap steeds die voorste provinsie bly wanneer dit by programme vir die verskaffing van bekostigbare behuising kom.

Goedgekeur.

26. Mnr F C Christians stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met kommer kennis neem daarvan dat afknouery reeds op ŉ vroeë ouderdom by ons skole begin; kennis neem van ŉ artikel deur Ntuthuzelo Nene op 11 Mei 2023 in EWN verskyn het oor ŉ 8-jarige graad 3-leerder wat deur ŉ ander graad 3-leerder met ŉ mes aangeval is, met beide leerders van die Stephan Road Primary School in Lotusrivier en in dieselfde klas; kennis neem dat dit ŉ potensieel noodlottige aanval op die leerder was, wat deur die genade van God die aanval oorleef het; kennis neem dat hierdie aanval aantoon dat afknouery op ŉ jong ouderdom sy lelike kop by ons leerders uitsteek; en aanraai dat die WKOD voortgaan om oplettend te wees en proaktiewe programme aan te bied wat hierdie soort misdadige gedrag sal beëindig.

Goedgekeur.

27. Mnr M K Sayed stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis die beslissende optrede van die nasionale Departement van Basiese Onderwys verwelkom met die toepassing van wette teen afknouery in ons land se skole; kennis neem dat hierdie noodsaaklike stap ons toewyding tot die skep van veilige en koesterende omgewings demonstreer waar ons leerders kan leer en floreer; kennis neem dat, deur hierdie maatreëls te implementeer, ons nie net ons kinders teen die skadelike gevolge van afknouery beskerm nie, maar ook ŉ kultuur van respek, empatie en inklusiwiteit bevorder; in eenheid aansluit om hierdie

inisiatief te ondersteun, om te verseker dat elke kind se reg op ŉ veilige en bevorderlike opvoedkundige ervaring gehandhaaf word; en saam ons toewyding herbevestig aan die welstand en toekoms van ons nasie se jeug.

Goedgekeur.

28. Mnr P Marran stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis ŉ beroep doen vir ŉ deeglike ondersoek na die toekenning van R161 miljoen deur die provinsiale Departement van Infrastruktuur vir menslike nedersettings in die Wes-Kaap; kennis neem dat hierdie aansienlike besteding, wat oënskynlik daarop gemik is om die afpersingstaktiek van die konstruksiemafia teen te werk en die onwettige besetting van onbeboude grond en huise onder konstruksie te bekamp, noukeurige ondersoek regverdig; kennis neem dat ons, in die belang van deursigtigheid en doeltreffende hulpbronbenutting, die strategieë wat aangewend word, moet evalueer, die impak daarvan moet evalueer en moet toesien dat openbare fondse optimaal aangewend word om ons gemeenskappe te beskerm en wettige ontwikkeling te bevorder; en ons plig teenoor die publiek handhaaf deur aanspreeklikheid te eis en konstruktiewe oplossings vir hierdie dringende bekommernisse te soek.

Goedgekeur.

29. Die Huis verdaag om 17:08.

Romeo Adams
Sekretaris van die Provinsiale Parlement